# SOLA SCRIPTURE BYBEL KOLLEGES

## Afrika vir Christus

Maart 2018

*Geagte Voorbidders,*

*Hier volg 'n nuusflits wat Peet vir my per WhatsApp deurgestuur het.*

**Mosambiek kampus.**

22 Eerstejaar studente het ingeskryf vir 2018. Sommige van hulle kom uit die verre noord-ooste van die land. Van die studente en dosente het Malaria opgedoen en ons vra dat julle asb sal bid vir die studente en vir Musuli en Blessings wat van Malawi afkomstig is en die studente leer.

**Malawi**

Hierdie kampus het onder Pastor Vinkumbu 'n geweldige insinking beleef. Die inname van studente het geval na slegs 2 aan die begin van die jaar. Lesings is afgewater en die atmosfeer is gespanne. Pastor Vinkumbu het die kollege se Land Cruiser vir homself gevat en ten spyte van vele versoeke dat hy bedank as hoof van die kollege, weier hy om dit te doen. Op 9 Maart sal belanghebbendes poog om hom by wyse van 'n hofbevel te verplig om sy amp te ontruim en die Cruiser terug te gee.

Daar is tans net 19 studente op die kollege, waar daar gewoonlik sowat 70 gewees het. Aan die einde van die jaar sal 13 van die 19 studente afstudeer en sal daar net 6 oorbly.

2 Kronieke 20: 15 – 17. Dit gaan oor die mure van Jerusalem wat weer opgebou moet word.

**Tanzanië.**

Daar is tans 37 studente wat uit die onmiddelike omgewing kom. Pastor Geofrey Maguera en Ralph Samma, beide oud-studente van die Malawi kampus, bied klasse aan vir die studente.

Die lesingsaal se mure moet opgebou word en die vloer moet nog gegooi word. Die koste daaraan verbonde sal sowat R45 000 beloop.





Daar moet ook dringend 'n personeel huis op die terein gebou word. Daar kort ook 30 stoele en tafels vir die studente.

**Kenia.**

Daar is tans 22 studente. Die gebied gaan gebuk onder 'n geweldige droogte. Daar is oral geraamtes wat in die veld rondlê en dit weerhou van die studente om aan te gaan met hulle studies.

Daar is drie van die Malawi kampus se oud studente wat die opleiding waarneem. Hulle is Pastor Robert Thawi, Bright Chivula en Henry Nofu. Hulle maak ook gebruik van studente wat aan die kampus in Kenia opgelei is om klas te gee.

Mag die Here elkeen van ons daartoe lei om vir elkeen by die naam te bid.

**Samevatting van die sake waarvoor ons kan voorbidding doen:**

1. Die opbou van die Bybelkollege in Tanzanië.
2. Die vervalle mure van die Malawi kampus.
3. Die regsproses om die kampus in Malawi terug te kry uit die hande van pastor Vinkumbu.

Baie dankie vir elkeen wat saai in hierdie akker van die koninkryk van God.

Groete uit Malawi.

Peet.

*Ns. Julle kan vir Peet kontak in Malawi by nommer: +265 998 68 86 65. Soos wat Peet tussen lande beweeg verander sy nommer gedurig. As iemand hom nie meer by hierdie nommer in die hande kan kry nie, is julle welkom om vir my te kontak vir sy nuutste nommer.*

*Francois*
*Sel: 083 468 1015*
*E-pos: fswart67@outlook.com*

Bankbesonderhede vir Malawi:
Naam van Rekening: Sola Scriptura Foundation.
ABSA Tjekrekening No: 4078 426 111
Algemene Takkode: 632 005